**21 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 10:40-42**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:40-42**

## God lê besoek af deur sy ampsdraers

In hierdie hoofstuk het die Here Jesus sy dissipels uitgestuur op huisbesoek. Hy het hulle gewaarsku dat hulle nie altyd gewild sal wees nie, maar dikwels vir die evangelie sal ly. Nou sluit Hy af met ’n seën vir diegene wat sy gesante met die huisbesoek sal ontvang.

Huisbesoek word soms gesien as onnodig en ’n mors van tyd. Baie ampsdraers sien op daarteen om huisbesoek te doen. Ampsdraers, besef u wat ’n voorreg dit is om ’n gesant van die Here te wees? Maar besef en verstaan ons ook die verantwoordelikheid? Dit gaan immers in die huisbesoek nie oor die ampsdraer nie, maar oor die Here wat hom gestuur het. Ware huisbesoek is om die Here self deur sy Woord aan mense te bedien. Dit gaan nie oor wie ek is, watter klere ek dra, watter titels ek het of met watter stemtoon ek praat nie, maar of ek die waarheid praat uit die Woord van die Here.

U wat huisbesoek ontvang, besef dat dit die Here self is wat deur sy ampsdraers by jou wil kom besoek aflê. Moet dit daarom nie vir hulle moeilik maak om ’n afspraak te maak nie en skakel die TV, radio of stoof af wanneer hulle daar is. Want wie die gesante van die Here ontvang, ontvang Hom wat hulle gestuur het.

*Sing: Psalm 89:6 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*